# 22 Mei 2023 - Lesing 27 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

JaHshua Messias open die poort na die Ewigheid **–** 12/6/57

**NO: 6850** Die poort na die lewe in lig en heerlikheid staan oop vir julle almal wat die weg na JaHshua Messias gevind het, dog dit bly **geslote** vir diegene wat nog ver staan van Hom en Sy verlossingswerk. En daarom sal julle julleself almal ernstig moet afvra of julle al die weg na Hom, na die kruis geneem het. Want Sy weg op aarde eindig met Sy dood aan die kruis en daar sal julle Hom dus moet soek en vind, daarheen sal julle moet gaan as julle wil deel in Sy verlossingswerk.

Die kruis was die doel van Sy weg oor die aarde, omdat die kruisdood vir julle mense verlossing sou bring. Dus onder die kruis vind julle die goddelike Verlosser, wat soveel wil sê as dat julle julle sondeskuld, waarvoor die mens Jesus aan die kruis gesterf het, na Hom toe gedra het onder Sy kruis, dat julle daardeur blyke gee van julle geloof aan Sy goddelike missie en dat julle daardeur ook julle wil te kenne gee **om vry te word van die skuld wat julle skei van My, julle God en Vader van ewigheid**.

Want dan erken julle My Self, **Wie in die mens JaHshua** die verlossingswerk volbring het.

Julle moet die weg na die kruis van Golgota gaan, indien julle die poort na die ewige lewe wil bereik, **want daar gaan geen ander weg na hierdie poort nie**. Hierdie ernstige vraag naamlik hoe julle teenoor JaHshua staan, moet julle almal net aan julleself stel.

Maar julle doen dit nie, op slegs enkele uitsonderings na, of julle mense ook steeds weer Sy evangelie verkondig word, of Sy liefdesleer julle ook steeds weer voorgehou word en julle die Naam van Hom wat die goddelike Verlosser is, ook steeds weer hoor.

Julle hou julle ore gesluit en laat alle woorde as hol klanke by julle verbygaan. Wat julle hoor oor JaHshua en Sy werk van Liefde, raak julle nouliks. **Dit dring nie deur tot in julle hart nie.** Dit het nog nie lewendig geword in julle nie en julle gedagtes was nog nie ernstig besig met dit wat julle ore tot nou opgeneem het nie. En eendag sal julle voor die poort na die geluksaligheid moet bly staan. **Julle sal nie toegelaat word nie,** want julle het nog geen verlossing gevind nie, omdat julle nog nie die weg na die kruis geneem het nie, **omdat Sy Bloed julle nie skoon kon was nie** en julle daardeur belaai met skuld by die Poort na die Ewigheid aangekom het.

Die uitspreek van die Naam Jesus/JaHshua met die mond is nie voldoende dat julle vry sal word van julle skuld nie, julle sal self na Hom toe moet gaan, julle sal julleself aan Hom in kinderlike vertroue en in die bewussyn van julle skuld moet oorgee en Hom innig vra dat Hy julle by Hom sal wil opneem, **dat Hy ook vir julle Sy Bloed vergiet het** en julle sal gelowig verlangend Sy vergewing moet tegemoet sien.

En julle skuldlas sal dan van julle afval en nou sal die weg vir julle vry wees na die lig, en nou gaan die poort na die ewige geluksaligheid vir julle oop.

JaHshua Messias Self lei julle in Sy ryk in, maar sonder Hom sal niemand deur hierdie poort kan ingaan nie. As julle dit tog net sou wil glo dat Sy Naam alles is, dat ‘n aanroep van Sy Naam in diep geloof julle van alle nood bevry, wat die gevolg is van die sonde wat nog op julle druk.

Derhalwe het Ek **in die mens JaHshua** na die aarde afgedaal om hierdie groot sondelas van julle af te neem en daarom het Ek aan die kruis gesterwe, om daardeur die groot skuld tot niet te maak, waaronder julle almal wat oor die aarde gaan, sug.

Ek het vir julle gesterf, **maar julle sal ’n wil moet hê om te behoort aan diegene vir wie Ek gesterf het**.

En daarom sal julle ook die weg na die kruis moet neem, julle sal in verbinding moet tree met JaHshua Messias, Wie Sy weg oor die aarde voltooi het aan die kruis.

Dan sal Hy saam met julle vêrder gaan en Hy sal julle inlei in Sy ryk, wat Hy beloof het aan al diegene wat in Hom glo. Amein.

### “Van die Hel tot die Hemel“deur Jakob Lorber

Vers [9] Ons (**JaHshua en Sy volgelinge in die hiernamaals**) loop verder oor die straat wat regstreeks na die heilige stad (**die Hemelse Nuwe Jerusalem**) gaan en wat lyk soos `n ruim dertien meter breë goue band, waar asof uit die fynste sy die kleure van die reënboog pragtig ingeweef is. Die stad is vir geen gees wat nog in die vlees lewe, te beskryf nie, want haar prag, haar grootte en die graad van die salighede wat in haar heers, is oneindig. Haar uiterlike vorm lyk soos die gestalte van `n mens, hoewel elke huis van binne oneindig is, soos die kiem van elke saadkorrel van binne oneindig is en soos die hart van `n gees in al haar verskeidenheid nog baie omvattender is.

[10] Robert, sy helper Peter, hulle vroue, Josef, Leopold en Rudolf is vol verbasing oor die heerlikheid van die stad. Hoe nader ons haar nader, soveel heerliker word haar gestalte en van alle kante straal ons die grootste liefde en vriendelikheid tegemoet.

[11] Robert, wat bo die stad die heerlikste son van alle sonne aanskou, waarvan die lig in die hele oneindigheid uitstraal, vra My in alle liefde wat se son dit is, waarvan die lig baie helderder straal as die van die natuurlike son, maar desondanks so lieflik is soos die lig van die môrester.

[12] En Ek (**JaHshua**) sê vir hom: “Kyk, eintlik is Ekself hierdie son! Daar is nog twee hemelsfere: In die rigting van die aand `n suiwer “wysheids-hemel” en na die middag toe `n “liefde-wysheidshemel”. Die bewoners van beide hierdie hemele sien my slegs as `n son, en wel as die son wat jy nou midde en bo die stad sien

skyn.

[13] Slegs hier in die allerhoogste hemel is Ek buite die son, hoewel ook in die son. **Buite hierdie son is Ek soos julle almal My nou in julle midde sien**, maar in die son is Ek suiwer geestelik in die krag van My wil, van My liefde en wysheid. Ekself is in die grond van die saak hierdie son, maar tog is daar `n verskil tussen My en haar. Ek is die basis en hierdie son is dan `n uitstraling van My gees, wat vanaf hier en vanuit My sterk die oneindigheid in onverminderde krag deurstroom en My ewige orde alom tot stand bring.

[14] **Kyk nou net na die groot skares, wat ons vanuit die stad tegemoet hardloop** en ons duidelik sigbaar hulle hoogste, liefdevolle vriendskap kom aanbied.” Robert sê: “O Meester, ek vergaan van verrukking en liefde as ek na U kyk! U is by ons en dit alles is U werk. Meester, wat is ons dan, dat U ons so oneindig genadig is? O God, o God, hoe groot, heerlik en heilig is U tog!”